

9 Augustus

Skrifgedeelte: Eksodus 20:12 en Efesiërs 6:1-4

Fokusgedeelte: Eksodus 20:12

Ouers moet eerbaar optree

Voordat 'n ouer gehoorsaamheid kan vra, moet hy/sy eers self die voorbeeld stel van gehoorsaamheid. Dit is noodsaaklik dat die ouers van 'n kind in sy/haar opgroeiare en daarna God as die bron van alle gesag erken, bely en dien. Dit is vir die kind 'n goeie voorbeeld van gehoorsaamheid aan ware gesag. Spreuke 22:6 leer ons: "Gee leiding aan 'n jongman oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." So word liefde en vertrouwe gekweek wat die basis van die eerbiediging van gesag is. In Efesiërs 6:4 word vaders aangeraai om hulle kinders so te behandel dat hulle nie opstandig word nie, maar hulle moet hulle ook grootmaak "met tug en vermaning soos die Here dit wil."

Hoe word ouers geëer?

Die woord *eer* kom van die stam *gewig*. Ouers moet vir die kinders mense van gewig wees, dit wil sê, belangrike mense. Ouers moet dus met eerbied en ontsag aangespreek en behandel word (Lev 19:3). Toe Salomo se moeder hom besoek het, het hy van sy koninklike troon opgestaan, voor haar gebug en haar op 'n stoel aan sy regterhand laat sit (1 Kon 2:19). Wie sy ouers eer, sal dit as 'n voorreg beskou om hulle met groot toewyding en liefde op hulle oudag te versorg of te laat versorg. So het Josef byvoorbeeld sewentien jaar na sy gryse vader omgesien (Gen 47:12,28). Jesus het sy weduweemoeder aan die sorg van die apostel Johannes toevertrou (Joh 19:26,27). Ons almal word deur Paulus beveel om op 'n soortgelyke wyse op te tree (1 Tim 5:8). Wie sy ouers eer, sal selfs op hulle sterfdag met teerheid hulle liggeme versorg of laat versorg (Gen 50:1-14) en hulle nagedagtenis eer.

Ds NJ van der Walt (Brits)